MEI-AUGUSTUS 2020

“Roep My aan en Ek sal jou antwoord” (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

Geroep om te Dien

## CORONAVIRUS-MOONTLIKHEDE

Japansending het deur die jare menige uitdagings in die gesig gestaar, maar die globale coronavirus-pandemie bied ons egter uitsonderlike uitdagings.

Baie van die metodes wat ons gebruik het om mense te bereik deur sosiale interaksie het skielik tot 'n stilstand gekom, aangesien die hele bevolking van Japan aanbeveel is om hulleself te isoleer. Pogings om nie-Christene te bereik en te bevriend deur byeenkomste, Engelse klasse en die Cafébediening is almal geraak. ***Die Fontein van Vreugde-traktaatjie*** is egter steeds elke maand gepubliseer en versprei aan baie duisende.

Die nood rondom ons is baie groot. Telefoon-beraders is oorweldig, aangesien mense bel en sê dat hulle selfmoord wil pleeg, want hulle het hulle werk verloor en kan nie hulle rekeninge betaal nie. Party praat selfs van gesinselfmoord. Mense word daarvan bewus gemaak hoe broos die lewe is, terwyl hulle sien hoe die materiële dinge waarin hulle hulle vertroue geplaas het, inmekaartuimel. Ons het bemerk hoe die Here in die harte van baie begin werk wat gedwing word om oor dinge te herbesin, dinge waarin hulle geglo het. Sodoende het party besluit om die Here Jesus as Redder aan te neem en ander het weer opnuut hulle lewe aan die Here toegewy.

God het ons gewys dat Hy soewerein is en sy werk kan uitvoer, ten spyte van die omstandighede. Toe sosiale samekomste ingeperk is, omdat die mense gevra is om hulleself te isoleer in hulle huise, het die Here ons werkers gelei om in kontak te bly met baie mense deur aanlyn Bybellesse en Engelse klasse te gee.

Baie ongeredde studente het mekaar gesien en met mekaar gepraat met behulp van hulle toestelle. Die predikant van die kerk in hulle gemeenskap het ook aangesluit en deelgeneem aan die interaksie tussen die studente en 'n kort Bybelboodskap gegee. Hierdie aanlynklasse het dominees gehelp om in kontak te bly met hulle studente gedurende die maande wat hulle geïsoleer was.

Een bemoedigende gevolg hiervan is dat baie kerke begin het om hulle boodskappe via die internet deur te gee. Sodoende was dit moontlik vir die mense om te luister en deel te neem daaraan in die privaatheid van hulle huise. Daardeur is baie bereik wat andersins nie die kerk sou kon bywoon nie.

Een Engelse student het die klasse by die kerk vir meer as 10 jaar bygewoon, maar net een aanbiedings-geleentheid in al die jare bygewoon. As gevolg van die COVID-19 het hierdie kerk aanlyn gegaan met hulle aanbiddingsdienste en hy het elke week begin luister daarna! Terwyl hy met een van ons werkers gepraat het, het hierdie bejaarde man gedeel: “Ek is ’n Boeddhis, maar sedert ek aanlyn begin luister het, het dit my regtig laat dink ...”

’n Ander bejaarde Christendame is bedlêend en kon vir baie jare nie die kerk bywoon nie. Sy was oorstelp van blydskap toe die dienste aanlyn begin gaan het. Nou kan sy gereeld deel hê aan baie van die kerkdienste!

## TOEGEWYDE WERKERS

Sekere faktore het dit vir Japansending moontlik gemaak om die nood in omliggende gemeenskappe gedurende die pandemie aan te spreek. Diegene wat getrou gebid en finansiële bydraes opgeoffer het gedurende hierdie kritieke tyd was ’n groot aanmoediging vir ons. Die Heilige Gees het ook wysheid en ’n onwrikbare vasbeslotenheid aan ons toegewyde personeel gegee, terwyl hulle buitengewone besluite in die gesig moes staar.

Toe ambassades burgers aangemoedig het om na hulle lande van herkoms terug te keer, voordat die lugverkeer gestaak word, het ons ons werkers gevra om hulle wil terugkeer na hulle vaderland. Ons het hulle gewaarsku dat ons ongekende tye binnegaan en dat Japansending selfs ’n ernstige tekort aan fondse gaan ervaar in die komende maande, aangesien bank- en posdienste heel moontlik ontwrig gaan wees.

Na biddende oorweging het elke werker ons meegedeel dat hulle van voorneme is om te bly en te dien - al is daar 'n tekort aan fondse om salarisse te betaal. Die Here het sedertdien getrou finansies voorsien en gaan die werk voort! Ons prys die Heer vir toegewyde werkers en die baie getroue ondersteuners wat by ons staan!

Aanvanklik het COVID-19 dit moeilik gemaak om enige tipe byeenkoms te hou. Isolasiebepalings het die normale Paasvierings gedwarsboom. Paasfees was ’n waardevolle tyd vir almal van ons om stilweg te reflekteer oor God se werk in die harte van hulle rondom ons. ***Wees stil, en weet dat Ek God is*** (Psalm 46:10).

Terwyl ons biddende die Here se aangesig soek vir leiding, het Hy in die harte van die werkers gewerk om hulle pogings te kombineer en te ontwikkel om op ’n nuwe manier te kan uitreik. Ons mediaspan het hulle tegniese kennis gebruik om rekenaars en kameras op te stel, onderwysers, pastore en studente die proses te leer hoe om te konnekteer en op te tree, terwyl hulle aanlyn werk. Ons Engelse onderwysers het ook hulle leerplanne en onderwysstyl aangepas by die situasie.

Saam met die Here was dit vir ons moontlik om die geleentheid wat unieke kanse gebied het, aan te gryp om diegene te beïnvloed en aan te moedig wat alleen voel en oorweldig was deur die baie onsekerhede.

Party mag wel vra: “Hoekom is Japansending betrokke in soveel areas van uitreik?” Elke uitreik het ontstaan toe ons bewus geraak het van "n behoefte, en het ons die Here se leiding biddende gevolg hoe om hierdie nood die beste aan te spreek.

In die geval van COVID-19 was dit wonderbaarlik om te sien hoe die Here ons werkers in die media en Engelse bedienings bymekaargebring het om ’n

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 28/4/2020, 4/5, 5/5, 16/5, 20/5, 21/5, 1/6, 3/6, 5/6, 15/6, 17/6, 20/6, 22/6, 29/6, 30/6.**

**ABSA BANK:- 1/4, 2/4 NLM, 14/4, 28/4 Bybels, 1/5 Bybels vir Sjina, 2/5 NLM, 6/5, 12/5 Bybels, 1/6, 1/6 Bybels, 2/6 NLM, 5/6 Pinelands, 6/6, 10/6 Bybels, 12/6 Bybels vir Sjina, 15/6, 17/6, 23/6, 29/6 Bybels.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

nuwe manier te ontwikkel om die ongereddes te bereik.

Aan die begin van die pandemie was ons verslae en gedryf tot gebed. Wanneer ons terugkyk, staan ons verbyster oor God se getrouheid en hoe Hy die pad vorentoe vir ons oopgemaak het!

Ons is deeglik bewus daarvan dat die getroue gebede en ondersteuning van baie 'n onontbeerlike rol gespeel het om ons te help om hierdie uitdaging die effektiefste die hoof te bied. ***Dankie vir die aandeel wat u hieraan gehad het!***

## DIE TOEKOMS

Japan het 'n rekordreënval en vloede beleef tydens die tifoonseisoen. COVID-19 het dit nog moeiliker gemaak vir hulle wat verplig was om hulle huise te ontruim. Munisipaliteite het rondgeskarrel om nuwe maatreëls te implimenteer in die ontruimingsentra, waar jonk en oud gewoonlik saamgesit is in oorvol spasies.

As Christene is dit wonderlik om te weet ons hoef nie te bekommer oor die toekoms nie, omdat die Here *ons verseker van sy vrede tydens die moeilike tye.* ***"(U) gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel,"*** (Jes. 26:3).

Ons voorsien dat as die bekommernisse van die coronavirus verminder en beperkings gelig word, sal ons weer in staat wees om klein byeenkomste te hou en met sommige van ons normale aktiwiteite aan te gaan, met nuwe higiëniese en sosiale afstands-maatreëls in plek. ***Bid*** dat God sal voortgaan om ons te lei en te beskerm.

## DIE VESTIGING VAN 'N LANGTERMYN-TEENWOORDIGHEID

Japansending is geroepe om die evangelie te deel deur verskeie metodes wat die Here aangedui het, te gebruik terwyl ons 'n langtermynteenwoordigheid vestig ***"in 'n land waar die mense se verstand verblind is. Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is"*** (2 Kor. 4:4)

Party het gevra: "Aangesien Japan 'n moeilike sendingveld is waar resultate so min is, waarom werk julle nie êrens waar die mense meer ontvanklik is vir die evangelie nie?"

Ons kan ons vereenselwig met Paulus wat baie ontberings moes verduur het, maar tog gesê het: ***"Daarom, aangesien ons hierdie bediening het volgens die barmhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie"*** (2 Kor. 4:1). Ons strewe daarna om die metode wat Paulus voorgehou het, na te volg toe hy gesê het, ***"... Ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onsself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het"*** (2 Kor. 4:2).

Baie mense is gered en baie vrug het hieruit voortgekom as 'n resultaat van ons visie om 'n langdurige teenwoordigheid in Japan te vestig.

'n Ander voordeel wat voortgespruit het uit die behoud van ons langtermynteenwoordigheid is dat ons in staat is om 'n goeie verhouding met verskeie kerke dwarsoor Japan te kon opbou. As gevolg hiervan was dit maklik vir werkers van Japansending om in meeste van die streke te kon ingaan om evangelisasie te kon doen en ramphulp te verskaf, terwyl ons in noue samewerking met die plaaslike kerke kon werk.

Terwyl die coronavirus begin afneem het, het die Here ons weer eens herinner daaraan hoe belangrik dit is om met hierdie langtermynteenwoordigheid voort te gaan. COVID-19 was nie die soort ramp waar hulp-organisasies kon mobiliseer word en na Japan kon kom om hulp aan te bied nie. Die meeste was self in 'n inperkingsituasie en internasionale reis was heeltemal onmoontlik.

Dit was in hierdie tyd dat Japansendingwerkers die geleentheid gehad het om met honderde ongeredde studente te kommunikeer, met wie hulle reeds 'n goeie verhouding gehad het. Predikante is ook bemoedig terwyl hulle gedeel het in die proses om die evangelie te deel en die studente in hulle gemeenskappe te inspireer.

Baie wat alleenheid en isolasie in die gesig gestaar het, is beïnvloed om die Here aan te neem. Bid saam met ons vir die saad wat gesaai is en vir die redding van siele!